
September 2022

SSK

# wenakker

NUUSBRIEF • NEWSLETTER

Hooglied 2:12 "Daar is bloeisels in die veld, dit het tyd geword om te sing; die tortelduif se stem klink oor ons land".



# 'N UITTREKSEL UIT DIE VOORSITTERSVERSLAG
# A SYNOPSIS OF THE CHAIRMAN'S REPORT

## (SSK Algemene Jaarvergadering, 22 Julie 2022, Heidelberg)



SSK Voorsitter: Dirk van Papendorp

Daar is alweer 'n jaar verby. 'n Jaar waarin almal gesmag het na die einde van die Covid pandemie met sy gepaardgaande probleme, soos die beskikbaarheid van produkte en dienste, hoë werkloosheid asook trae en gedempte groei in die ekonomie.

Soos 2021 ten einde gesnel het, kon SSK en sy lede die voordele pluk van 'n besonderse landboujaar. Genoeg reën, goeie opbrengste vir alle gewasse en silo's wat letterlik oorgeloop het, het die jaar gekenmerk. Graan is nog tot in Februarie van plase af ingery na silo's toe. Voorwaar 'n eerste vir SSK se lede!

Die ruvoerbank van veeboere kon ook behoorlik aangevul word en dek gewis die tafel vir insetkostebesparings by veebedryfstakke in 2022. Met die goeie vleis- en melkpryse behoort dit winsgewendheid in die komende jaar verder te ondersteun.

Fruit harvests in the SSK service region was mostly satisfactory. The weaker rand anchored prices, but the unpacking percentage was disappointing. We trust that the concerning situation at our ports resulting in unacceptable delays will be addressed as a matter of urgency.

Hoër graanopbrengste en goeie pryse wat veral in die laaste kwartaal van 2021 en eerste kwartaal van 2022 vir meeste graansoorte gegeld het, verbeter lede se kontantvloeiposisie dramaties en feitlik al die agterstande geskep deur die 2018 - 2020 droogtes kon uitgewis word. Ons is dankbaar om te berig dat oorlaatskuld die laagste in 5 jaar is.

Die waarde van 'n stabiele en standvastige vennoot soos SSK om lede in die moeilike jare te ondersteun, kom nou duidelik na vore. As dit goed gaan met ons boere, gaan dit ook noodwendig goed met SSK. Ons leuse "werk saam, wen saam" kry weereens beslag!

The healthy growth of divisions within SSK proves that our members support their own business. The continuous improvement of the value proposition offered to our members and their businesses remain a strategic priority.

By ons filiale bly Soill die vlagskip met 'n 95% groei in wins voor belasting teenoor 2021. Die groter volumes canola saad en diversifikasie in ander olieprodukte kon die omset 'n hupstoot gee van 82% en die winssyfer dus ondersteun. 60% van hierdie wins kom terug na SSK en dus indirek na u as lid. Produkte van filiale soos Soill se B-Well, Eureka Meulens en Hessequa Abbatoir, het reeds huishoudelike name by die verbruiker geword.

SSK as koöperasie se finansiële prestasie vloei altyd weer terug na die lede, omdat dit steeds hulle organisasie is. Die addisionele finansieringsbehoeftes van ons lede in 2021 kon met gemak hanteer word, wat 'n uitvloeisel is van goeie kontantvloei- en balansstaat bestuur. Ons handhaaf goeie verhoudings met al die handelsbanke wat in ons streek 'n besondere konneksie en deernis met ons boere en die wispelturige aard van hul onderskeie bedryfstakke het.

SSK's secret to its success lies therein that we have the support of a dynamic membership base, a positive and conscientious workforce, a strong balance sheet and healthy cash flow, as well as a dedicated focus on value adding. These are but a few of the areas where the prosperity of SSK also contributes positively to the profitability of the farmer. The objective of a co-operative is after all, working together to create a win-win scenario for all. The agricultural sector in the Southern- and Central Cape is currently in good shape and SSK and its members are privileged to conduct our businesses here.

Die onmiddellike toekoms gaan gewis uitdagend wees, maar ons boeregemeenskap het al herhaaldelik gewys dat hulle verandering kan hanteer en beter anderkant uitkom. Wees verseker dat die SSK se direksie en bestuur geen steen onaangeroer sal laat om voor te vat ten einde saam met u die toekoms in te gaan nie.

Dankie aan ons Hemelse Vader vir hierdie voorreg en dat ons weet dat U ons en SSK koester en in U Hand hou. Mag dit weereens 'n wonderlike jaar wees wat vir u voorlê. Hou u oë altyd gevestig op Hom en die sukses en/of antwoorde sal vanself kom.

*- Dirk van Papendorp*
*(SSK Voorsitter)*
*Jaarverslag beskikbaar by: www.ssk.co.za/oor-ons/finansieleverslag*

# SSK HOOFBESTUURSTOEKENNINGS 2022



**Voor v.l.n.r: Betinea London (Menslike Hulpbronne), Lize van Zyl (Krediet), André van Wyk (Handel), Johannes Hartnick (Veevoer Vervaardigers) en Matthys Koch (Graan). Agter staan Henk de Beer (Hoofbestuurder: Bedrywe), Francois Swanepoel (Hoof Uitvoerende Beampte), Dirk van Papendorp (Voorsitter) en Villiers van Veen (Hoofbestuurder Finansies en Admin).**

# SSK ALGEMENE JAARVERGADERING

## 22 Julie 2022 te Heidelberg



Sebastián Cloete en Andre Joubert van Krediet, Swellendam.



Hennie Steyn (oud-direkteur) en Danie de Wet.



Albei manne heet Jurg Streicher. Pa en seun van Riversdal.



Dirk van Papendorp (Voorsitter), Pietman Lourens (Voorsitter 2009 tot 2011), Erenst Pelser en Michael Dippenaar (Voorsitter 2011 tot 2017).

Erenst Pelser het 'n oorkonde ontvang van Dirk van Papendorp en oud-SSK Voorsitters Pietman Lourens en Michael Dippenaar.
Die oorkonde lees:
Erenst Pelser (1997 – 2021)
SSK huldig Erenst Pelser vir uitstaande en hoogs waardeerde diens gelewer vanaf 1997 tot 2021. Jou werksetiek, passie en lojaliteit het wesentlik bygedra tot die sukses van SSK en sy belange. Ons is dankbaar vir jou verrykende invloed op en rigtinggewende bydrae tot ons besigheidsomgewing, ons gemeenskap en die SSK-vriendekring.



Jan Weys (oud-werknemer) en Villiers van Veen (Hoofbestuurder: Finansies en Admin).



James Jackson en Annelie van Wyk (Senior bestuurder: Bemarking en Kommunikasie).

## SSK SKOLE GRAANPROJEK



V.l.n.r: Francois Swanepoel (Hoof Uitvoerende beampte), Jacobus Human van Eerstebos Boerdery en Henk de Beer (Hoofbestuurder: Bedrywe).

Die SSK Skole Graanprojek behels dat graanprodusente wat oestyd-2021 by SSK graan gelewer het, 'n kans gestaan het om 'n R40,000 SSK koopbewys te kon wen. Graanprodusente lewer graan vir 'n skool van sy/haar keuse, (solank dit binne die SSK bedieningsgebied en by 'n SSK silo is), en elke ton van hierdie graan dien as een inskrywing ten einde die prys te kan wen. Die graan vir 'n spesifieke skool gelewer deur die produsent, word deur SSK teen markverwante pryse aangekoop en die inkomste word aan die betrokke skool toegeken vir gebruik na die skool se goeddunke. SSK het met die projek in 2021 'n totaal van R793 969 vir skole in ons gebied ingesamel. Die wenner in 2021 was Jacobus Human van Eerstebos Boerdery.

Foto's: Marika Ackhurst

# EMMIE GERMISHUYS

## Senior Bestuurder: Finansies

### VERTEL VAN JOUSELF EN JOU GESIN

Ek is bevoorreg om 'n boorling van die Groot Karoo te wees en het die wonderlikste kinderjare gehad. Ek het aan 'n klein privaatskooltjie in Steynsburg gematrikuleer, ons was net 6 leerlinge in Matriek. Ek het my studies voltooi aan die Universiteit van die Vrystaat en het as PWC beurshouer na die Wes-Kaap verhuis. Ek het my man Rohan ontmoet op die gholfbaan by Riviersonderend. Ons is kort daarna getroud en beide van ons het by SSK begin werk. Rohan het later geskuif na die pos van Produksiebestuurder by die blomplaas, Flora Jubilee buite Swellendam. Ons het twee pragtige, sterk seunskinders, Andreas (7) en Neil (5).

### WAT DOEN JULLE GRAAG SAAM?

Ons is lief vir enige sport en die kinders doen dit met groot ywer saam met ons. Die Karoo (uiteraard), en die Kgalagadi is baie diep in ons harte en ons maak gereeld tyd om weg te glip na die mooi dele van ons land. Ons is ook baie lief vir ons huis en niks is vir ons lekkerder as om saam as gesin sport te kyk nie.

### KORTLIKS JOU LOOPBAAN-GESKIEDENIS TOT DUSVER

Ek het in 2006 by PWC, Robertson begin werk en het Februarie 2009 die CA(SA) kwalifikasie verwerf. Ek het 'n vinnige draai by Boshoff Visser in Bredasdorp gemaak en het toe die pos as Rekenmeester aanvaar by SSK op Swellendam in Oktober 2009. In 2012 word ek aangestel as Senior Bestuurder: Finansies, die pos wat ek tans beklee.

### GROOTSTE LOOPBAAN PRESTASIE

Ek het in 2015 die graad B.Com Regte voltooi wat ek deeltyds studeer het. Ek het destyds op die ouderdom van 29 die jongste en eerste vroulike Senior Bestuurder van SSK geword.

### WAT IS DIE BESTE RAAD WAT JY AL ONTVANG HET?

My pa word 70 en hy het nog nooit ophou studeer nie. Ons het weliswaar al ophou tel hoeveel grade hy het. "Mens is nooit te oud om verder te studeer nie", dit is iets wat hy verkondig en toepas in sy lewe.



Die Germishuyse, Andreas, Emmie, Neil en Rohan.

### WAAR WIL JY JOUSELF EN SSK OOR 5 JAAR SIEN?

Landbou is van kardinale belang vir SA se ekonomie en net so speel SSK 'n baie belangrike rol vir landbouers in ons streek. Ek weet ons sal oor 5 jaar nog 'n groter rolspeler in die SA landbou bedryf wees. Ek sal graag my eie kennis oor die landbou sektor wil verbreed en hoop ek kan tyd maak om 'n paar kursusse of nog 'n graad aan te pak.

### IETS VAN JOU WAT NIEMAND WEET NIE?

Ek het provinsiale kleure in atletiek, netbal en tennis gedurende my skoolloopbaan verwerf. O, en ek slaap elke aand teen 20h00 op die bank!

# SSK LANGDIENS ERKENNING

**35 JAAR:** Bertie Swart

**30 JAAR:** Hannelie de Lange

**25 JAAR:** Sarah Mouton, Joseph Chaka

**15 JAAR:** Janine Cameron, Peter-John Hofman, Eavren Esau, Jakob Matroos, Charmaine Sander, Matilda Lombard, Corné Geldenhuys, Lynette de Wet, Sidney May, Michiel Beyers

**10 JAAR:** Estelle Meyer, Flip Spogter, Jacobus Mono, Yvonne Prins, Celia le Roux, Elmarie de Villiers, Johannes Barnard



Henk de Beer (Hoofbestuurder: Bedrywe) wens Bertie Swart, (Silobestuurder Krombeksrivier) geluk met 35 jaar diens.



Villiers van Veen (Hoofbestuurder: Finansies en Admin) wens Hannelie de Lange (Admin Beampte: Finansies, Heidelberg) geluk met 30 jaar diens.



Marius Stander (Silobestuurder) wens Joseph Chaka (Algemene Werker: Graan, Karringmelksrivier) geluk met 25 jaar diens.



Villiers van Veen (Hoofbestuurder: Finansies en Admin) wens Sarah Mouton (Admin Beampte: Finansies, Swellendam) geluk met 25 jaar diens.

# HENNIE STEYN VAN SWELLENDAM





**Annemie en Hennie Steyn.**

Hennie Steyn is welbekend en welbemind in Swellendam. Hy is 'n man wat verskeie hoede met welslae kan opsit. Boer, historikus, sakeman, kultuur- en erfeniskenner, gemeenskaps-diener navorser, skrywer en storieverteller. Hy is nederig en sê verskeie kere tydens my besoek dat hy nie graag oor homself praat nie. Daarom is dit sy vrou Annemie wat laggend byvoeg dat hy ook 'n baie goeie pa, oupa en man vir haar is.

Hennie is gebore op 5 Januarie 1947 op die plaas Kliphoogte buite Swellendam. Na skool, tydens die dienspligjare in Suid-Afrika, sluit hy by die destydse Leërgimnasium in Pretoria aan en vorder gou tot kandidaat-Offisier. Hy vertel dat hy op daardie stadium topfiks was en met gemak 12 km met volle mondering kon draf.  Die akademie roep egter en hy behaal die graad M.Sc. Skaap- en Wolkunde met dierevoeding en -fisiologie. Hy het hard gewerk tydens sy universiteits jare, want hy moes goed genoeg presteer om 'n beurs te kon behaal en moes saans ekstra werk insit teen betaling by die fakulteit se laboratorium. Die analitiese werk wat hy hier gedoen het, het waardevolle beginsels by hom ingeprent wat hy steeds gebruik wanneer 'n probleem opgelos moet word. Dit is een lewensbeginsel wat hy tydens ons gesprek telkens onderstreep. "Moenie met 'n probleem kom of kritiseer as jy nie klaar gedink het aan 'n werkbare oplossing nie!". Hennie word destyds 'n pos aangebied as junior Lektor by die Universiteit, maar sy pa sterf en hy besluit om terug te keer plaas toe om saam met sy boer Lampie in 'n vennootskap te boer op Kliphoogte met graan, bees en skaap. Hierdie vennootskap duur 41 jaar tot 2015 en in Januarie 2017 trek hy en Annemie Swellendam toe. Lampie, wat ook 'n baie geliefde Swellendammer was, is vroeg in 2022 oorlede.

As jong man het Hennie min geweet dat daar 'n jong onderwyseres, Annemie in Swellendam op sy pad sou kom. Sy het 'n B. Mus (Hons) graad agter haar naam gehad toe sy as onderwyseres by die skool en orreliste by die kerk in Swellendam aangestel is. Die Steyns vertel hoe hulle voor hulle troue in die musiekkamer by die skool na klassieke musiek geluister het en gedigte vir mekaar voorgelees het. Vandag spog hulle met 3 kinders, Amoré, Pieter en Rikus, asook 4 kleinkinders. Hennie vertel dat hy en Annemie altyd as 'n span saamwerk en dat hulle die kinders van vroegs af geleer het om met grasie te wen en te verloor en om nooit tou op te gooi nie.

Die welvaart en geskiedenis van sy geboortedorp lê Hennie na aan die hart. Hy was medewerker en -skrywer van verskeie boeke, onder andere oor die leivore en meulens, steengroewe en begraafplase van Swellendam, die Geskiedenis van die Tomlinson-familie en binnekort die Groot Geskiedenis van Swellendam.

Hennie dien as Direkteur op die SSK Raad vanaf 1984 tot 2012. Villiers van Veen (SSK Hoofbestuurder: Finansies en Admin) vertel dat Hennie as direkteur altyd SSK se belange, bo sy eie gestel het. "Hy is een van die mees lojale en toegewyde SSK lede ooit en hou ons vandag nog op ons tone". Erenst Pelser (voormalige Hoof Uit-voerende Beampte van SSK) voeg by: "Hennie se betrokkenheid as direkteur van SSK en van SSK se filiale, veral Soill, was 'n besondere ervaring in my loopbaan. Sy voorbereiding vir vergaderings, toegewydheid , buitengewone insig en vernuwende denke het 'n groot bydrae gelewer tot die sukses van SSK. Hennie was vir my persoonlik 'n mentor in my tyd by SSK."

> *"Kyk wyd, maar as dit nie werk nie, probeer plan B: Kyk op."*

Hennie vertel hoe baie hy geleer het tydens sy direksiejare en trustee van die SSK Pensioenfonds. Hy vertel dat direkteure soms in die raadsaal heftig van mekaar verskil het, maar net daarna om die teetafel gemoedelik kon saam lag. "Dit is 'n teken van 'n dinamiese Raad, waar mense die moed het om te bevraagteken en waar die leerkurwe sterk is".

Hennie glo in die toekoms van ons land en van sy landbouers. "'n Persoon wat die vinnigste aanpas is die een wat bo uitkom en SSK is daar vir die boer wat telkens en onmiddellik by die veranderende doelpale moet aanpas. Saam werk ons en wen ons. Kyk wyd, maar as dit nie werk nie, probeer plan B: Kyk op".

*- Annelie van Wyk*




# SSK DIREKSIE 2022-2023



V.l.n.r: Johann Reinecke, Hampie Lourens, Thys Streicher, Johann Muller, Adriaan Steyn, Thys Odendaal, Jonathan Barry, Johannes Joubert. Voor: Piet Sands Uys, Dirk Van Papendorp (Voorsitter) en Schalk Viljoen (onder-Voorsitter)

# SSK VERWELKOM 2 NUWE DIREKTEURE!



Johann Muller saam met sy vrou, Mariska, en kinders, Juann, Anja, en Alissa van Patrysfontein, Mosselbaai.



Johann Reinecke saam met sy vrou, Alicia, en kinders, Otto en Milan, van Molenrivier, Nollshalte in die Langkloof.

# ONS GROET!



John Robertson en Marais Pienaar tree uit as SSK Direkteure na 9 jaar op die Direksie. John was voorheen ook direkteur by SWLK en Tuinroete Agri en Marais by LBK en Tuinroete Agri waar hy Voorsitter van die Raad was. Hulle waardevolle bydrae die afgelope 9 jaar word waardeer!

# AGBIZ KONGRES 2022

SSK se Hoof Uitvoerende Beampte, Francois Swanepoel was deel van 'n paneel wat 4 studentegroepe evalueer het by die Agbiz Kongres 2022 in Sun City. Die 2 beste groepe het hulle voorleggings aangebied vir die kongres om te stem vir die wenner groep. SSK se beurshouer, Jade Smith en haar groep is uiteindelik as die wenners aangekondig. Jade studeer tans vir haar Meestersgraad in Landbou Ekonomie aan die Universiteit van Pretoria. By SSK glo ons in ons jeug en in ons toekoms.



Henk de Beer (Hoofbestuurder: Bedrywe), Dirk van Papendorp (Voorsitter van SSK Raad), Jade Smith en Francois Swanepoel (Hoof Uitvoerende Beampte).

# WILLEM BURGER, SSK SENIOR KREDIETBESTUURDER TREE AF NA 19 JAAR BY SSK



Willem en Erna Burger.

Willem se vrou, Erna en die familie ken hom as Le Seuer, maar die mense van SSK ken hom al die jare as Willem. (Hy is baie soos Staal Burger, wat seker verlangs familie is -'n man van min woorde, maar sy woord en sy integriteit is altyd sy eer.)

Ons gaan hom baie mis, maar as jy dit vir hom sê trek hy net sy skouers op: "Ag nee wat, niemand is onmisbaar nie".

Willem het op 1 Mei 2003 by SSK begin werk as Landbou-ekonoom. Later word hy Kredietbestuurder en in 2013 word hy bevorder tot Senior Bestuurder: Krediet. Na die amptelike aftree ouderdom van 60 jaar bly hy nog vir 4 jaar op kontrak-basis aan as Senior Krediet Bestuurder gesetel op Mosselbaai.

Jy en Erna moet mooi loop Willem. Jy is onlosmaaklik deel van die SSK geskiedenis en los diep spore agter in die SSK lewensverhaal.

## *In Memoriam*

Saterdag 23 Julie was swaar vir SSK en sy mense met die verlies van Johan Kluyts, Silo Bedryfsbestuurder, Swellendam en Sanette Jansen van die Aankope afdeling in Mosselbaai. Johan Kluyts was vir 28 jaar werksaam by SSK en laat sy vrou Michelle (Rekenmeester: Finansies, Swellendam) en seuns Rohan en Marchel agter. Hy het na 'n hartaanval gesterf. Sanette, wat gesterf het na 'n lang siekbed, laat 'n dogtertjie Ava agter. Hulle was na aan die harte van almal by SSK en ons dink met liefde aan hulle naasbestaandes in hierdie swaar tyd.



## REËNVAL IN STREKE

| STREEK | MEI 2022 | JUNIE 2022 | JULIE 2022 |
|---|---|---|---|
| Aberdeen | 57 | 35 | 35 |
| Albertinia | 20 | 55 | 12 |
| Ashton | 20 | 63 | 20 |
| Avontuur | 39 | 85 | 35 |
| George | 35 | 107 | 20 |
| Heidelberg | 37 | 48 | 18 |
| Herold | 11 | 69 | 11 |
| Joubertina | 40 | 79 | 25 |
| Karringmelks | 42 | 70 | 16 |
| Knysna | 56 | 108 | 47 |
| Misgund | 47 | 98 | 22 |
| Mosselbaai | 50 | 46 | 17 |
| Protem | 39 | 76 | 16 |
| Plettenbergbaai | 52 | 62 | 26 |
| Riversdal | 32 | 30 | 13 |
| Swellendam | 48 | 68 | 27 |
| Uniondale | 26 | 34 | 5 |

**Geliewe daarop te let dat metings by SSK silo's, waar van toepassing, gedoen is.**






DER KELDERMEISTER

## TOP 10 WINES

1. **Van Loveren Pinotage**
2. **Van Loveren Sauvignon Blanc**
3. **Villiersdorp Hanepoot Jerepigo** (Treintjiewyn)
4. **Jakkalsvlei Pinotage**
5. **Jakkalsvlei Pink Moscato**
6. **ONE Red**
7. **Van Loveren Neil's Pick Colombar**
8. **Badsberg Merlot**
9. **Van Loveren River Red**
10. **Van Loveren Merlot**



Agri Wes-Kaap het onlangs die Herbertsdale Landbouvereniging besoek. Vyf voormalige voorsitters (die oudste is 88 jaar oud) het ook die vergadering bygewoon. Al die manne is oud-leerlinge van Hoër Landbouskool Oakdale, behalwe Piet Britz wat op Hoër Landbouskool Boland was. Wat 'n voorreg om te sien die manne is steeds aktief betrokke!

V.l.n.r.: Kolie Britz (voorsitter Herbertsdale), Kallie Muller, Henry Meyer (streekbestuurder, AWK), Piet Britz, (voormalige streekbestuurder, AWK), Hendrik Pienaar (voormalige streekbestuurder, AWK) en Freek Muller (voormalige streekbestuurder, AWK).



Henk Schuurman (Veekundige) was onlangs 'n spreker by die SSK Veevoer Vervaardigers en Kemin se Kuilvoerdag op Riversdal.




Graanboere van die toekoms! Oakdale leerders saam met Francois Swanepoel en Gerdus Steyn by die SSK Wintergraandag.




Bewaringslandbou Wes-Kaap (BLWK) het onlangs 'n spesiale eerbewys aan SSK-lid C.D. du Toit oorhandig, tydens die Jack Human-week 2022. Erkenning en groot waardering is uitgespreek vir sy bevordering van bewaringslandbou en die uitbouing van dié beginsels. Saam met hom op die foto is MG Lötter, BLWK-voorsitter, en dr. Johann Strauss, BLWK-sekretaris. Foto: Amelia Genis



SSK Saadafdeling was onlangs by die Syngenta Seedcare Institute vir opleiding. Op die foto v.l.n.r: Jean-Jaques Rademan, Matthys Koch en Gerdus Steyn.

Redaksie: Annelie van Wyk | Tel: 044 601 1200 | annelie.vanwyk@ssk.co.za

Design: Nenane Bester - infografiac@gmail.com
Printing: Characters, George

Besoek gerus ons webblad vir nuus, kommoditeitspryse, weervoorspelling, rekening- en transaksie inligting.
Please visit and like our SSK Facebook page to keep up to date with news and events in our area.

www.ssk.co.za